# VERKLARING

Hiermee gee ek

______________________________________________________________________________

(Naam van Ouer/Voog) aan Prestige Naskool (of sy gemagtigde personeel) die volgende verklaring dat:

1. Ek vergewis my van die Prestige Naskool reëls (deurgelees en met my kind bespreek) en dat ek in die besonder daartoe toestem dat my kind/ers hom/haar verbind tot nakoming van hierdie reëls soos van tyd tot tyd deur die Eienaar vasgetel of deur enige persoon aan Prestige Naskool verbonde is, en dat ek my sal neerlê by enige stappe wat deur die Eienaar vasgestel of deur enige persoon aan die Naskool verbonde, wat mag voortspruit uit die herhaaldelike oortreding van hierdie reëls.

2. Geen kind sal aanvaar word by Prestige Naskool sonder die voltooide en getekende relevante vorms nie.

3. Ek aanspreeklik is vir die betaling van Naskoolgeld soos jaarliks bepaald en neem kennis dat fooie maandeliks STRENG VOORUITBETAALBAAR IS.

4. Indien ek agterstallig is met betaling van naskoolgeld, sal ek aanspreeklik wees vir die betaling van die regskostes en rente aangegaan om dit te vorder deur 'n prokureur of invorderaar.

   My kind sal sy/haar plek verloor indien my rekening agterstallig raak en toegang tot die Naskool geweier kan word.

5. Dat my/ons kinders opgeskort kan word indien die fooie nie opbetaald is en die volle uitstaande bedrag insluitende 'n maand se kennis betaalbaar word by die einde van die maand in die maand van opskorting en dat hulle nie terug aanvaar sal word totdat die uitstaande fooie opbetaald is nie.

6. Ek onderneem om een kalender maand skriftelik vooruit kennis te gee indien my kind/ers nie meer die Naskool gaan bywoon nie.

7. Ek aanvaar dat die personeel poog, na die beste van hulle vermoë, om my/ons kind/ers op te pas en alle redelike voorsorg getref sal word vir die veiligheid van my kind/ers en dat Prestige Naskool nie verantwoordelik gehou kan word vir enige besering of ongeluk of verlies in enige vorm tydens onder die toesig van die personeel nie. Ek verantwoordelik gehou sal word vir enige betaling van mediese- en of hospitaalkostes, indien van toepassing in geval van 'n besering.

8. Dat die persoon in beheer, in 'n noodtoestand, vervoer mag reel vir my kind/ers na die naaste Mediese Fasiliteit en verstaan dat die mediese kostes vir my rekening sal wees.

9. Dat enige veranderinge in my/ons kontak besonderhede skriftelik aan Prestige Naskool gegee word sodra dit plaasvind.

10. Dat hierdie kontrak sal verval op die 31ste Desember elke jaar. 'n Nuwe kontrak moet voltooi word elke jaar met inskrywing. Ons behou die reg om nie u kind/kinders terug te aanvaar in Januarie indien daar uitstaande fooie is nie.

11. Dat alle partye wat hierdie dokument teken gesamentlik en onafhanklik verantwoordelik gehou word vir alle verpligtinge van die dokument.

<u>Verklaring:</u>
Ek verbind my tot die ooreenkoms en voorwaardes soos hierbo en op die meegaande inligtingstukke uiteengesit.

Ouer/voog handtekening

_______________________________________

Naam en van handtekenaar (drukskrif)

Datum ___________________________________